# Buitengewone insigte oor vroue en oorlog

**J.E.H. Grobler (ed), *The war diary of Johanna Brandt***
Protea Book House, Pretoria, 2008
472 pp
ISBN 978-1-86919-164-1
R180.00

*The war diary of Johanna Brandt* beskryf die aktiwiteite van Johanna van Warmelo en haar moeder tydens die Anglo-Boereoorlog. Die oorspronklike handgeskrewe dagboeke behels agt dele, waarvan sewe in die Nederduitsch Hervormde Kerkargief bewaar word. Dit is in boekvorm saamgevat en geredigeer deur Jackie Grobler, verbonde aan die Departement Historiese en Erfenisstudies aan die Universiteit van Pretoria. Die publikasie is van ŉ waardevolle naamindeks voorsien, wat die dagboek toeganklik maak, sodat navorsers dit ten volle kan ontgin. Dit word ryklik toegelig met foto's van plekke, gebeure en persoonlikhede uit die tydperk, 1899-1902.

ŉ Biografiese oorsig vorm ook deel van die publikasie en skets die familie-agtergrond van die Van Warmelo's. Dit stel die leser in staat om die kultuur-historiese konteks waarin die dagboekskrywer haar bevind het, te verstaan. Uit dié oorsig blyk dit dat Johanna ŉ fyn opvoeding gehad het. As dogter van Nicolaas Jacobus van Warmelo, leraar in die Hervormde Kerk, verbonde aan die Soutpansbergse en Heidelbergse gemeentes, het sy die voorreg van ŉ goeie skoolopleiding geniet. Sy het aan die Good Hope Seminary for Young Ladies in Kaapstad skoolgegaan en later by die Doornfonteinkollege in Johannesburg onderrig ontvang. Die onderrigmedium in beide instansies was Engels en sy was Engels goed magtig. Dit verklaar waarskynlik waarom sy dit verkies het om in Engels te skryf en dit was dan ook die taal van haar dagboek.

Johanna is in 1876 gebore. Alhoewel sy vyftien jaar oud was met haar vader se dood in 1892, was die indrukke wat hy op haar gelaat het, blywend van aard. N.J. van Warmelo is gebore uit ŉ goeie Hollandse predikantsfamilie. Sy humanitêre neigings en patriotisme het as inspirasie vir Johanna gedien toe sy betrokke geraak het by hulpverlening aan die Boerevroue en -kinders in die konsentrasiekampe en by Boerespioenasienetwerke tydens die Anglo-Boereoorlog. Maria Maré, haar moeder, was ŉ afstammeling van die Maré-Voortrekkerfamilie en ook vurig patrioties.

2 C van Onselen, *The Seed is Mine* (Jonathan Ball, Johannesburg, 1996)

Op 13 Mei 1897 het Johanna en haar moeder van Pretoria op reis na Europa vertrek om onder meer haar broers wat in Nederland gestudeer het, te gaan besoek. Tydens haar besoek het sy ŉ jong predikant, Louis Brandt, ontmoet. Daarna het Johanna en Louis sporadies gekorrespondeer en uiteindelik het hulle per brief verloof geraak. Hulle is op 28 Augustus 1902 in Nederland getroud. Op haar Europese toer het Johanna begin met ŉ reisjoernaal en is dieselfde boek weer gebruik om oor haar eerste waarnemings van gebeure tydens die Anglo-Boereoorlog verslag te doen.

Die Anglo-Boereoorlog het alle segmente van die gemeenskap geraak, maar slegs ŉ handjievol burgers, krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners het oorlogsdagboeke bygehou. Juis daarom is die publikasie van Johanna se dagboek belangrik. Dit getuig ook van intrinsieke literêre waarde. Dagboeke as literêre skryfvorm kan aan die hand van elemente soos doel, betroubaarheid, akkuraatheid, inhoud, struktuur, stemming, aanbieding en styl beoordeel word. Daarbenewens kan sekere temas in die dagboek geïdentifiseer word.

Die doel van ŉ dagboek is nie soseer om inligting oor te dra nie, maar om die verhaal van die skrywer se gedagtes en belewenisse oor te vertel. Dit is dus ŉ persoonlike weergawe van gebeurtenisse. Johanna het met die dagboek begin op 30 September 1899, pas voordat oorlog op 11 Oktober 1899 verklaar is. Sy het besef dat oorlog onafwendbaar was en was bewus daarvan dat dit ŉ omwenteling in haar lewe sou bring:

> I have no intimate friend, dear diary, to whom I can speak freely and I fear you will have to put up with fearful and wonderful confessions, but you must be patient and remember that I am passing through a never-to-be-forgotten stage of my existence (p 65)

Dagboeke word selde geskryf met die doel om dit te openbaar, alhoewel dit in sommige gevalle wel so kan wees. Kagle is van mening dat "… *there is no such thing as a totally private diary. I am inclined to believe that almost all diarists envision an audience for their entries*".[3] Aanvanklik was Johanna se beoogde gehoor haar nageslag, wat moontlik in haar doen en late gedurende die oorlog sou belangstel, maar met verloop van tyd het sy besef dat haar aantekeninge ŉ belangrike bron vir latere publikasies sou word. Na die oorlog het sy haar dagboek gebruik as inligtingsbron om oor die haglike toestande in die Irene-kamp in *Het konsentrasiekamp van Irene* en oor haar deelname aan die spioenasienetwerk in Pretoria in *Die Kappiekomando* te skryf.

Namate die dagboekskrywer die skryfgewoonte vasgelê het, ontwikkel die dagboek ŉ lewe van sy eie. In die geval van ŉ dagboek, wat in so ŉ mate ontwikkel het dat ŉ eie identiteit geskep is, kan hierdie persoonlikheid ŉ vriend vir die skrywer word. Johanna skryf in Januarie 1901:

> You are going to be a good and true friend I see and I feel glad of the happy thought that inspired me to cultivate your acquaintance (p 65)

Die inligting in dagboeke is nie altyd betroubaar nie, want dagboekskrywers skryf soms oor gebeure waaroor hulle net ongegronde gerugte gehoor het. Baie van Johanna se inligting het op mondelinge oorvertelling berus, soos dié van haar oom, Paul Maré, wat op kommando in Natal was en weens swak gesondheid teruggekeer het. Sy het ook dikwels nie geweet watter van die verwarrende berigte die waarheid was nie. Al die datums en inligting oor veldslae, getalle gesneuweldes en gewondes

3 S E Kagle, *Early 19th century American diary literature* (Twayne Publishers, Boston, 1986), p 5

stem nie noodwendig ooreen met historiese feite nie, maar Johanna erken dat sy en ander burgerlikes nie kon peil trek op die betroubaarheid van die gerugte wat hulle gehoor het nie en sy wys daarop dat gerugte altyd rondgaan oorlogstye.

Volgens Grobler vernietig hierdie gebrek aan betroubaarheid egter nie die waarde van dagboeke as historiese bronne nie.[4] As redakteur het hy gesorg vir ŉ akkurate reproduksie van die drie dagboeke. Uitgebreide navorsing is gedoen om die publikasie van 835 voetnotas te voorsien wat die korrektheid al dan nie van Johanna se beriggewing oor gebeurtenisse verduidelik. Dit is daarom vir die historikus ŉ belangrike bron van inligting oor die Britse besettingstydperk in Pretoria.

Wat die ordening van die inhoud betref, het die redakteur ŉ reuse taak verrig. *The War Diary* bestaan uit drie dagboeke, die gewone, die geheime en die liefdesdagboeke. Die dagboeke is al drie as eenheid saamgevat en al die inskrywings word in chronologiese volgorde in vyf afdelings aangebied.

Johanna se gewone dagboek beskryf die verloop van die oorlog, die lotgevalle van gewonde burgers wat sy by die Volkshospitaal en die hospitaal in die Staatsmeisieskool verpleeg het, die Britse besettingtydperk in Pretoria, die Van Warmelo's se sosiale en huislike lewe, die wel en weë van haar suster en broers (Deliana, Dietlof, Willem en Fritz), en die toestande in die konsentrasiekamp by Irene. Die laaste inskrywing is 30 April 1902 gedateer.

ŉ Tweede dagboek, wat sy haar geheime dagboek genoem het, beskryf haar betrokkenheid by die Boere se spioenasienetwerk nadat sy uit die konsentrasiekamp by Irene teruggekeer het. Sy het die inskrywings daarin in suurlemoensap gemaak wat onleesbaar is totdat dit met ŉ strykyster verhit word. In ŉ derde dagboek, naamlik haar liefdesdagboek, het Johanna haar hart oor Louis Brandt uitgestort.

Die stemming in haar dagboek weerspieël Johanna se veranderlike emosies. Dagboeke is ŉ hoogs subjektiewe vaslegging van ŉ persoon se mees private gevoelens en gedagtes. Die vertroulikheid en intensiteit van dagboekskrywery verhoog die trefkrag van die geskrewe woord. Die dagboekskrywer kan eerlik en openlik oor persoonlike gevoelens skryf sonder vrees vir kritiek. Dagboekskrywery in die Victoriaanse tydperk was ŉ manier om gedagtes en gevoelens in woorde uit te druk sonder sosiale gevolge.

Die aanbieding in Johanna se dagboek is soms dramaties, aangrypend, hardvogtig en aggressief, maar sy het ook ŉ waardering van die humor in sekere situasies geopenbaar. Sy was gemaklik met haar eie emosies en haar verhouding met haar dagboek. Sy kon nie altyd afgetrokke en in beheer bly nie, maar het haar soms aan selfbejammering en sentimentaliteit oorgegee. Johanna het ŉ uitlaatklep in die neerpen van haar gevoelens gevind. Op 11 Februarie 1901 skryf sy:

> You must really not mind, dear diary if I "let fly" to you occasionally – it does me a world of good (pp 91-92)

Die dagboek weerspieël die ontwikkeling van Johanna se gemaklike, maar boeiende skryfstyl. Volgens Van der Merwe word die dagboek soms vertroebel wanneer haar persoonlike emosies na vore tree, maar haar skryfstyl word gekenmerk

---

4 J Grobler, "Johanna (van Warmelo) Brandt se oorlogsdagboek " Ongepubliseerde voordrag gelewer by ŉ byeenkoms van die Africana Vereniging, Pretoria, 4 April 2008

deur ŉ besondere joernalistieke helderheid.[5] Deur gebeure te beskryf wat wys hoe sy beheer oor haar eie lewe neem, kon Johanna vir haarself ŉ meer aktiewe selfgeldende rol toeëien.

Hierdie nuwe rol en die ontwikkeling van Johanna se persoonlikheid kan as een van die temas in haar dagboek geïdentifiseer word. Van die eerste tekens dat sy in ŉ selfstandige volwasse vrou sou ontwikkel, sien ons in haar skrywe op 24 April 1901:

> Yesterday I was asked whether I would go to Irene for a month to nurse our invalids That is what I have wanted all along – an opportunity of coming into close contact with the real victims of the war … (p 168)

Sy wou teen haar moeder se wense tot aksie oorgaan en nie meer die passiewe rol van ŉ Victoriaanse jong vrou speel nie.

Verdere tekens van Johanna se ontwikkelende dinamiese persoonlikheid het binne enkele dae na haar aankoms in die Irene-kamp na vore gekom. Sy het nie die haglike toestande gelate aanvaar nie, maar dadelik na ŉ oplossing begin soek deur die een brief na die ander aan haar moeder te skryf, waarin sy klerasie, voedsel en medisyne aangevra het. Mevrou Van Warmelo het ŉ brief aan die Portugese konsul, Cinatti, voorgelê, wat uiteindelik daartoe gelei het dat vele verbeterings in die kampe aangebring is.

Johanna het ook vir generaal Maxwell, militêre goewerneur van Pretoria, oor die ellende in die kamp ingelig in die hoop dat hy iets aan die toestande sou doen. Later is hulle vriendskaplike verstandhouding egter vertroebel as gevolg van haar spioenasie-aktiwiteite. Ten spyte van die feit dat *Harmony*, die Van Warmelo-landgoed, naby die Britse militêre woongebiede in Sunnyside geleë was, het dit ŉ skuilplek vir Boerespioene geword.

Die dagboek werp ook lig op ander temas in die lewe van die dagboekskrywer, soos haar humanitêre gesindheid, haar belewing van die konsentrasiekamp by Irene en haar patriotisme.

Johanna se simpatieke geaardheid is opvallend. Haar deernis jeens minderbevoorregtes het selfs die gewone "Tommies" omvou. Soos Grobler tereg opmerk, het Johanna, soos ander Boerevrouens, ŉ sterk afkeur teenoor die swart bevolking geopenbaar, maar haar verhouding met die Van Warmelo-bediendes is deur ŉ opregte geneentheid gekenmerk.[6] Trouens, sy het ŉ sterk band met Paulus en "Gentleman Jim" opgebou terwyl sy vir hulle leeslesse aangebied het. Sy het ook hartroerend oor die dood van een van hulle huishulpe, Kleinbooi, op 24 Julie 1900 aan nierontsteking, geskryf:

> We were so nervous and wretched that night that I for one hardly closed my eyes … (p 55)

As vrywillige verpleegster in die Irene konsentrasiekamp vanaf 12 Mei 1901 tot 7 Junie 1901 het Johanna daagliks gebeure waargeneem en aangeteken, terwyl sy persoonlike kontak met die inwoners gehad het. Johanna het die lyding, swaarkry en

---

5 R van der Merwe, *Johanna Brandt en die kritieke jare in die Transvaal, 1899-1908* (Protea Boekhuis, Pretoria, 2004), p 8

6 Grobler, "Johanna (van Warmelo) Brandt se oorlogsdagboek"

ontberings van die Boerevroue en -kinders in die kamp intens beleef en het breedvoerig in haar dagboek daaroor verslag gedoen.

Johanna se patriotiese gevoelens gaan hand aan hand met haar anti-Britse sentimente en haar haat vir verraaiers van die republikeinse saak. Johanna skryf oor hoe hartseer sy was toe die Britse vlag op Kerkplein gehys is. Sy het die geleentheid bygewoon en sekergemaak dat almal weet waar haar simpatie lê deur ’n Transvaalse Vierkleur-lint om haar hoed te bind. Haar nasionalistiese volksgevoel het op 5 Oktober 1901 in ’n visioen tot uiting gekom:

> Last night I had a vision I called my mother to see the strange apparition – the form of an angel-woman robed in white … bearing in one hand a scroll of manuscript, waving aloft in the other our flag, our Vierkleur … (p 366)

Die publikasie van die dagboek stel hierdie verfrissende blik oor die Anglo-Boereoorlogtydperk, geskryf uit die perspektief van ’n patriotiese jong vrou, aan ’n wyer leserspubliek beskikbaar.

*Jackie Fourie*